# Versoening in Joodse apokaliptiese literatuur

M Nel[1]

(Universiteit van Pretoria)

**ABSTRACT**

**Reconciliation in Jewish apocalyptic literature**

*Before the discussion of the subject of reconciliation in apocalyptic literature can be researched it is necessary to answer preliminary questions: What is apocalyptic literature? Where, how and why did it originate? Is it in continuity with the other genres represented in the Old Testament? Were there apocalyptic movements, and what was their function?*

*Apocalyptic writers did not discuss reconciliation as such because in their socio-historical circumstances the issue was not raised. In the different writings allusions are found. Reconciliation with God is interpreted as a property of the chosen righteous, the maskilim or chasidim, the particular apocalyptic group. Reconciliation between people and groups are interpreted within the larger context of the regulations of the Mosaic Torah.*

## 1 JOODSE APOKALIPSE EN APOKALITISISME

### 1.1 *Genre* van apokaliptiese literatuur

Apokaliptiese literatuur as ‘n literêre genre is reeds vanaf die einde van die eerste eeu n C. Erken (Hanson 1992:279). Die belangrikste apokalips vir vroeë Christene is Openbaring, die Apokalips van Johannes. Die term ‘apokalips’ kom dan ook uit die openingswoorde van Openbaring. Hierna is apokalipse ook aan figure bekend uit die Ou Testament toegeskryf. So is daar die gnostiese *Apokalips van Adam*, asook apokalipse wat aan Setel, Enos, Sem en Henog toegeskryf word.

Vóór die vraag na die rol wat versoening in Joodse apokaliptiese literauur speel beantwoord kan word, is dit belangrik om te vra na die sosio-historiese oorsprong(e) van die literatuursoort. Indien die leser

1 Navorsingsassosiaat, Department Ou Testamentiese Wetenskap, Universiteit van Pretoria.

nie weet in watter omstandighede apokalipse ontstaan en afspeel nie, sal gegewens wat in die apokalipse oor versoening gebied word, nie veel sin maak nie.

Wat is ‘n apokalips? Davies (1985:66) se waarskuwing is gepas: "‘Apocalyptic’ and ‘apocalypticism’ are notoriously slippery words". Die twee vrae wat navorsers besig hou, is: Wat is apokaliptiek? En waar kom dit vandaan? Dié vrae het met definisie en oorsprong te doen.

Die historiese inligting vir die periode waarin Joodse apokaliptiek ontstaan (300 vC – 200 nC), is so skraps dat albei vrae probleme veroorsaak. Dit is nie bekend wie die literatuur geskep of gelees het, of hoe wyd die invloed daarvan op die Joodse samelewing was nie. Daarom sukkel die moderne navorser om selfs te bepaal wat die presiese kenmerke van apokaliptiese literatuur is. Wanneer al die lyste van kenmerke met mekaar vergelyk word, voldoen nie een van die apokaliptiese tekste aan al die kenmerke nie.

‘n Nuttige onderskeid het uit die navorsingsdebat gegroei, tussen literêre *genre* (apokalips), ‘n sosiale ideologie (apokaliptisisme) en literêre idees en motiewe (apokaliptiese eskatologie). *Apokalips* is ‘n teks, terwyl *apokaliptiese perspektief* na ‘n gesigshoek verwys waaruit die werklikheid beleef word. ‘n Apokaliptiese beweging is ‘n groepering binne die maatskappy, terwyl *apokaliptiek* na ‘n verskynsel of ideologie verwys (vgl Vorster 1986:158). Die onderskeid los egter nie alle probleme op nie. So is Martínes (1987: 230) van mening dat die beperking van "apokaliptiek" tot ‘n literêre *genre* te reduksionisties is om reg aan die onderwerp te laat geskied.

In plaas van ‘n definisie is dit beter om ‘n beskrywing van die verskynsel te gee, en om dit te beperk tot ‘n enkele dokument. Eers hierna kan dokumente met mekaar vergelyk word, sodat die versoeking weerstaan word om ‘n teks met *a priori* persepsies te lees.

Nie almal stem saam dat daar van ‘n *genre*, *apokaliptiek*, gepraat kan word nie. Fiorenza (1983:295) wys daarop dat Käsemann in die 1960’s van apokaliptiek as die moeder van die vroeë Christelike teologie gepraat het, terwyl Kurt Koch in die 1970’s sy boek se titel ontleen het aan sy stelling dat geleerdes "*ratlos vor der Apokalyptik*" te staan gekom het.

Die regte vraag, waarop ‘n antwoord waarskynlik nie moontlik is nie, is: het die oorspronklike lesers ‘n onderskeie *genre* bemerk toe hulle dié boek gelees het? Indien nie, sou die oorspronklike lesers dit gelees het teen die konteks van literatuur wat aan hulle bekend is, die konteks van profesieë en drome van die Ou Testament, politieke pseudo-profesieë en droomuitlegte wat bekend is uit tweede eeuse Babel.

Collins (1984a:4) poog om die makro*genre* van apokalips te omskryf. Die span navorsers van *Semeia* doen dit soos volg:

- Skryfwyse – narratief;
- Tekstipe – openbaringsgeskrif;
- *Genre* – apokalips;
- Sub*genre* – apokalips met ‘n anderwêreldse reis.

Apokalips is ‘n *genre* “of revelatory literature with a narrative framework, in which a revelation is mediated by an otherworldly being to a human recipient, disclosing a transcendent reality which is both temporal, insofar as it envisages eschatological salvation, and spatial insofar as it involves another, supernatural world”.

Die twee hooftipes is ‘n apokalips met en ‘n apokalips sonder ‘n anderwêreldse reis. ‘n Kenmerk van ‘n apokalips sonder ‘n anderwêreldse reis, soos die Daniëlboek, is dat dit altyd ‘n oorsig oor die geskiedenis in een of ander vorm bevat, in die vorm van ‘n *ex eventu*-profesie van geskiedenis. Vir dié rede kan dit gerieflik geëtiketteer word as ‘n historiese apokalips. Verdere kenmerke van albei sub*genres* is dat die ontvanger van die openbaring ‘n waardige figuur uit die ou tyd is, wat dui op die pseudonimiteit daarvan. Die narratief bevat gewoonlik ‘n beskrywing van een of ander soort van hoe die openbaring ontvang is.

Die voordeel van SBL se definisie is dat dit breed genoeg is om alle dokumente wat as apokalipties beskryf is, in te sluit. Mettertyd mag dit nodig word om enkele sub*genres* verder te beskryf. So maak Collins (1984b:6) reeds ‘n onderskeid tussen historiese apokalipse en anderwêreldse reise.

Navorsers het twee besware teen dié definisie ingebring. Rowland (1982:11) noem dat die verwagting van ‘n nuwe era van heil nie

eksklusief in apokalipse gevind word nie. Die verwagting is ‘n kenmerk van ‘n groot deel van Judaïsme gedurende laat pre-Christelike tye. Hieruit kom hy tot die gevolgtrekking dat dit nie moontlik is om ‘n apokaliptiese eskatologie te onderskei nie. Dié eienskap hoort volgens sy mening nie in die definisie van die *genre* apokalips nie. As die navorser toegee dat eskatologiese belange nie uniek aan die apokalips is nie, beteken dit nog nie dat dit nie as een van die *genre* se onderskeidende kenmerke genoem kan word nie. Dit word immers nie as uniek of eksklusief beskryf, en ook nie as die hoofkenmerk van die *genre* nie.

Hellholm (1986:26-27) meld nog ‘n beswaar: die definisie bevat geen verwysing na die funksie van die *genre* nie. Hy stel voor dat bygevoeg word: “intended for a group in crisis with the purpose of exhortation and/or consolation by means of divine authority” (Hellholm 1986:27). Die probleem is dat geen konkrete gegewens bestaan wat dié afleiding onderskryf nie. ‘n Meerderheid navorsers aanvaar dit wel. Grabbe (1989:27-47) verteenwoordig ‘n ander standpunt. Hy meen dat apokaliptiese geskrifte nie die produk van gemarginaliseerde groepe in krisis was nie, maar eerder van visioenêre groepe wat soos moderne milleniaristiese bewegings funksioneer.

Die volgende Joodse geskrifte word gewoonlik as apokalipse geklassifiseer: die Daniëlboek (wat in die Hebreeuse en Christelike kanon ingesluit is); *1 Henog* (of *Die Boek van Henog*); *2 Henog* (of *Die Openbaring van Henog*); *2 Barug*; *4 Esra*; *Apokalips van Abraham*; asook enkele boeke van gemengde *genre*, soos *Jubilees* en die *Testament van Abraham*. Die *Testament van Levi* 2-5 is ‘n apokalips binne ‘n groter werk, en die *Apokalips van Sefanja* is problematies vanweë sy fragmentêre aard.

### 1.2 Van die genre van apokaliptiese literatuur tot die wêreldbeeld van apokaliptisisme

Apokalipse as a *genre* word gekenmerk deur geloof in die bonatuurlike wêreld en die verwagting van eskatologiese heil. Geloof in ‘n bonatuurlike wêreld kenmerk talle vorme van geloof. Die verskil in apokaliptiese literatuur is die verhoogde belangstelling in anderwêreldse streke en bonatuurlike wesens. Henog beskryf byvoorbeeld die blyplekke van gestorwenes en plekke van oordeel (bv

1 Henog 17), en dit skryf die oorsprong van die bose aan die sonde van die Wagters, of gevalle engele toe (bv 1 Henog 10).

In Hebreeuse denke is JHWH as die soewereine heerser van die heelal beskou. Geen mag kon naas Hom bestaan wat enigsins sy doelstellings kon teëgaan nie. Lewe en dood vind hulle oorsprong in Hom, en Hy is die bron van goed en kwaad. Hy is so groot dat niks of niemand bestaan wat nie deur Hom geskep is nie (Miles 2001:31).

In apokalipse word die oorsprong van die bose aan ‘n mag wat onafhanklik van God bestaan, toegeskryf (Miles 2001:188).

Eskatologiese denke was nie nuut in Hebreeuse denke nie. Die profetiese literatuur bevat immers vele voorbeelde daarvan. Maar in die apokaliptiese tradisie neem dit ‘n nuwe karakter aan. Die onderskeidende nuwigheid is geloof in die oordeel van die dode. In vroeë Hebreeuse denke daal alle mense af na *Sjeool*, die onderwêreld, wanneer hulle doodgaan. Hier voer hulle ‘n newebestaan tot die laaste van hulle nageslag van hulle vergeet, wanneer hulle in vergetelheid verdwyn (Miles 2001:201). Hierdie verwagting word in Job se reaksie op Bildad in Job 10:21-22 uitgedruk. Job beskryf die dood as die stikdonker land vanwaar ‘n mens nooit weer terugkeer nie, die land van die donker nag met sy diep duisternis waar niks georden is nie, waar die lig self donker is. In sy reaksie op Sofar sê Job in Job 14:11-12: “Soos water uit die see verdamp, en ’n rivier opdroog, so ontslaap die mens en staan nie weer op nie; totdat die hemel nie meer daar is nie, sal hy nie wakker skrik nie, nie weer wakker gemaak word nie”.

In apokaliptiese denke word die mens geoordeel op grond van sy/haar gedrag op aarde, en die oordeel besluit waar dié mens ná die dood bly. So ontstaan ‘n wêreldbeeld in die Hellenistiese periode wat nuut en onderskeidend in Judaïsme is, en waarskynlik veel aan Persiese Zoroastranisme ontleen het (Nel & Human 2003:1743). Dat almal nie dié elemente aanvaar nie, kan gesien word in die verwagting van eerste eeuse Sadduseërs wat nie in die opstanding of engele glo nie (vgl Hand 23:8).

Die nuwe wêreldbeeld, met sy geloof in ‘n oordeel ná die dood en die invloed van engele en demone op menslike lewe, het ‘n raamwerk geskep waarbinne mense besluite oor eties-morele gedrag kon neem, en het ook ‘n rol gespeel in hoe die mens versoening tussen homself en

God, en tussen mense onderling beskou het. Korrekte optrede het dwingend geword in die lig van die beslissende rol wat dit speel in waar die individu die ewigheid deurbring (vgl 1 Henog 22:9-13).

Dié wêreldbeeld of 'simboliese universum' verteenwoordig apokaliptisisme, 'n wêreldbeeld wat ook teen ander agtergronde voorkom. So is die *Diskoers van Twee Geeste* en die *Oorlogsrol* van Qumran nie openbarings deur 'n bonatuurlike wese bemiddel nie, maar gebruik dit tog die apokaliptiese wêreldbeeld. Die wêreldbeeld het bestaan voor enige apokalipse geskryf is. Mense wat in engele en demone en hulle invloed op die daaglikse lewe van mense, asook in die eskatologiese oordeel geglo het, het apokalipse geskryf, maar dié groepe mense het hulleself ook in ander *genres* uitgedruk. Apokaliptisisme is 'n interpretasie van die werklikheid met verreikende gevolge, wat in wyd uiteenlopende omstandighede gefunksioneer het. Daarom kan daar nie van *die* apokaliptiese beweging gepraat word nie, omdat daar geen bewese historiese skakel bestaan tussen die individu of groep wat die vroeë Henogliteratuur geskep en dié wat Daniël of 4 Esra of 2 Barug, of enige ander apokalips geskep het nie. Daar bestaan geen outomatiese verbintenis tussen apokaliptisisme en sosiale bewegings nie. In byna alle gevalle (met uitsondering van die Daniëlboek) weet ons baie min oor die sosiale matriks of konteks waarbinne 'n sekere apokaliptiese teks of groep tekste ontstaan het. In Daniël se geval kan afgelei word dat die boek in die geledere van 'n quiëtistiese groep ontstaan het wat in die middel van die tweede eeu teen Antiochus IV Epifanes se aanval op Joodse godsdienstige en kulturele identiteit reageer (Nel & Human 2002:1735-1744). Om egter sosiale bewegings uit literêre tekste af te lei, kan verwarrend en gevaarlik wees.

Le Roux (1988:5) pas Vriezen se werk van 1953 aan om vier periodes in die eskatologie van Israel te onderskei:

- 'n pre-eskatologiese periode, voor die klassieke profete optree, as die toekoms in die lig van die verlede beskryf word. Amos praat so van die Dag van JHWH;
- 'n ontwakende eskatologie, met Jesaja en Jeremia, wat praat van 'n nuwe volk en 'n nuwe koninkryk wat die hele wêreld omvat;
- 'n aktualiserende eskatologie, met Deuterojesaja, wat Israel as die lig vir die nasies sien, en die nasies as vennote in die heil;

- ‘n apokaliptiese eskatologiese periode. Dit bestaan uit ‘n dualistiese eskatologie waar God en die wêreld geskei word, in die plek van die eenheid wat voorheen tussen plek en tyd (hierdie wêreld) en aksie (God wat werk) bestaan het. Nou word ‘n nuwe koninkryk verwag, wat verby tyd na die ewigheid sal strek. God is ook nie meer die enigste handelende figuur nie, maar ander figure word voorgestel.

Dit beteken dat die nuwe in terme van die oue verwag word: Hosea praat van ‘n nuwe ingang in die land, Jesaja van ‘n nuwe Dawid wat in Sion sal regeer en Jeremia van ‘n nuwe verbond. Deuterojesaja praat van ‘n nuwe eksodus en Daniël van ‘n nuwe koninkryk (Dan 2 se vyfde ryk). Die heilsgeskiedenis bly die norm vir die verwagting oor die laaste dae.

Die teleurstelling as die profesieë oor God se openbaring nie realiseer nie, lei tot ‘n herinterpretasie van die profesieë. Le Roux (1988:19) haal Robert Carroll aan wat praat van “*cognitive dissonance*” om die nie-vervulling van profetiese voorspellings te illustreer wat tot herinterpretasie lei. Kognitiewe dissonansie kom voor as kognisie en gebeure nie saamval nie. Dit word opgelos deur die sosiale ondersteuning van ‘n groep mense wat op dieselfde wyse dink, en herinterpretasie wat vir die gaping tussen eskatologie en realisering voorsiening maak (Le Roux 1988:22). So word die val van Jerusalem en die herbou van die tempel geherinterpreteer.

> “The apocalyptists came to the shocking conclusion that since the fall of Jereusalem in 587 B.C. God was relatively absent in history. This rude awakening did not come forth from a specific theory but was based on their experience of history. The apocalyptists experienced more and more the absence of God from that stage of history in which they themselves lived. God no longer miraculously intervened in the history of His people as in the former days” (Le Roux 1981:42).

### 1.3 Kontinuïteit met die verlede

Joodse apokaliptisisme kom eers in die Hellenistiese periode te voorskyn, maar is in baie opsigte ‘n ontwikkeling van ouer tradisies en strominge binne Israelitiese godsdiens en teologie. Vroeë profete praat van die Dag van JHWH, ‘n tradisie wat in apokaliptiese denke in terme

van eskatologiese heil geherinterpreteer is. Die idee van ‘n kosmiese oordeelsdag kom ook in die Psalms en profete voor (vgl Pss 96, 98; Jes 2:4). In Jesaja 24-27 en veral Sefanja 1-6, wat formeel nader aan die apokaliptiese visioene staan as enige ander materiaal in die Hebreeuse materiaal vóór die Daniëlboek, word na die vernietiging van die dood verwys, maar waarskynlik geïnterpreteer in terme van die herstel van Israel, soos Esegiël 37 ook doen (Hossfeld 1998³:450, 456). Daar kom geen verwysing in laat-profesie voor dat ‘n individu na die wêreld van die engele oorgaan of ‘n verwagting van lewe ná die dood het nie. Apokaliptiese denke oor die hemelse of bonatuurlike wêreld is ook ‘n ontwikkeling van ouer idees oor die hemelse raad (in bv Ps 82:1), ‘n tradisie wat ook in Kanaän en Mesopotamië in die tweede millenium vC. voorkom. Tot watter mate kontinuïteit tussen die ouer godsdiens van Israel en apokaliptiese idees bestaan, is moeilik om te bepaal omdat mitologiese elemente in Israelitiese godsdiens nie goed in die Ou Testament verteenwoordig word nie. Apokaliptiese skrywers gebruik ‘n veel ryker mitologie as wat in die Bybel voorkom (vgl bv Jes 24:21-23 met 1 Henog 18). Daniël 7 kan ook eers ten volle begryp word in terme van Ugaritiese mites wat ongeveer ‘n milennium vroeër neergepen is (Dressler 1979:152). In die redigeringsproses van die Hebreeuse Bybel het die oordraglyne van ouer tradisies verlore gegaan.

### 1.4 Vroegste Joodse apokaliptiese bewegings

Die vroegste apokaliptiese beweging wat met bestaande apokalipse geassosieer word, is die Henogtradisie, wat uit ‘n tros apokalipse bestaan: die *Boek van die Wagters*, die *Astronomiese Boek*, die *Boek van Drome*, die *Apokalips van Weke*, wat almal in *1 Henog* versamel is. Die werke word pseudoniem aan die voorvloed figuur van Henog toegeskryf. Die Aramese fragmente wat by Qumran ontdek is, mag moontlik ‘n derde eeuse datum vir die eerste deel voorstel. Die omverwerping van die heelal se orde deur engele word beskryf asook hoe dit deur die uiteindelike goddelike oordeel omgekeer sal word. Die tweede deel is waarskynlik nader aan die tyd van die Makkabese opstand geskryf, in Palestina. Die werke bevat omvattende oorsigte oor die geskiedenis in die vorm van profesie (*ex eventu*-profesie), en dit loop altyd uit op goddelike ingryping en ‘n laaste oordeel waar geregtigheid en orde herstel word. ‘n Klein groep, die ‘klein lammers’ of ‘die uitverkore regverdiges van die ewige plant van geregtigheid’ sal

in die laaste oordeel as reg bewys word, en verteenwoordig die groep waarbinne die apokalipse ontstaan. Moontlik is dit dieselfde groepering as 2 Makkabeërs 14:6 se *Hasidim*, ondersteuners van Judas Makkabeus. Daniël 11-12 verwys na *maskilim*, wyse leermeesters wat vele in die tyd van vervolging onderrig. Sommige sterf as martelaars. Hulle is quiëtiste in die Makkabese opstand wat na hulle hemelse beskermheer Migael vir oorwinning kyk.

## 1.5 Qumran en Apokalipse

Talle kopieë van die apokalipse soos Daniël en Henog is by Qumran ontdek. Belangrike werke wat uit die geledere van die sekte ontstaan het, is ook ontdek. Nie een hiervan is egter in die vorm van 'n apokalips nie, en dit is onduidelik of enige apokalips by Qumran ontstaan het. Tog beskryf sommige navorsers die Qumrangemeenskap as apokalipties, omdat bestaande werke 'n duidelike apokaliptiese wêreldbeeld het. Die *Gemeenskapsreël* (1QS) beskryf die gemeenskap se organisasie en bevat 'n verhandeling oor twee geeste wat deur-en-deur apokalipties is. Menslike lewe word deur die geeste van lig en duisternis regeer, wat voortdurend teen mekaar veg. Aan die einde sal God ingryp en die geeste van lig laat wen, terwyl die mense van die lig beloon sal word. Die *Damaskusdokument* (CD) wat die gemeenskap se wetgewing bevat, funksioneer teen die agtergrond van dieselfde kosmiese dualisme. Dit voorsien die vernietiging van die bose en alle bose magte. Die *Oorlogsrol* (1QM) beskryf hoe die aartsengel Migael oor Belial en sy duistere magte seëvier. Die Qumrangemeenskap glo dat hulle in die finale *aeon*, die dag van wraak leef. Daarom skei hulle hulle van die tempelgemeenskap van Jerusalem af (Collins 1992:100).

Die Qumrangemeenskap deel ook die Henogtradisie se 364-dae kalender. Die kalender speel 'n belangrike rol in die vorming van die Qumrangemeenskap (Collins 1992:99).

Dié groep vorm 'n onderskeie beweging wat klem plaas op wetlike en rituele seremonies, iets wat in apokaliptiese literatuur ontbreek (Collins 1992:99).

Alhoewel die Qumrangemeenskap apokalipties in wêreldbeeld was, is sy sosiale organisasie die teenoorgestelde van wat meeste navorsers meen by apokaliptiese groepe voorkom. Qumran is hiërargies, legalisties en gepreokkupeer met reinheid en *tora*. Die

gemeenskap se karakter is deur die priesterllike tradisies van sy leiers gevorm. ‘n Apokaliptiese wêreldbeeld impliseer in sigself nie ‘n spesifieke vorm van sosiale organisasie nie.

### 1.6 Ander apokaliptiese bewegings onder Jode

‘n Halfeeu gelede het niemand van die Qumrangemeenskap geweet nie. Kennis oor ander apokaliptiese groeperinge is baie skraps. Die *Gelykenisse van Henog* noem ‘die gemeenskap van die regverdiges’, terwyl 4 Esra en 2 Barug ‘n debat oor die geregtigheid van God beskryf. Te min inligting is egter beskikbaar om die sosiale beweging(s) agter dié en voortgelyke stellings te beskryf.

### 1.7 Funksie van Apokaliptisisme

Hilton (1995:99) onthou hoe H H Rowley in 1942 gesê het dat in krisistye daar altyd ‘n ontwaking van apokaliptiek is. In dieselfde verband het Käsemann reeds beweer dat apokaliptiek die moeder van alle Christelike teologie is. Koch (1972:14) meen dat Käsemann se opmerking die begin aandui van moderne belangstelling in die onderwerp van apokaliptiek. Koch se opmerking het as ‘n groot skok vir Duitse teoloë gekom wat op Bultmann se ontkenning van enige verbintenis tussen ‘n Christelike eskatologie en ‘n Joodse apokaliptiek gestaan het. In dieselfde tyd publiseer Pannenberg sy lesing waarin hy as deel van sy gekiedenisfilosofie apokaliptiek as ‘n essensiële skakel in die ontwikkeling van egte historiese begrip beskryf.

Rowley se opmerkings het in 1944 reeds die Engelssprekende wêreld van die belang van apokaliptiek bewus gemaak. Frost (1952) en Plöger (1959; sy werk is in 1968 in Engels vertaal) skryf in Rowley se tradisie. Ook Von Rad (1965:301-315) se bekende standpunt dat apokaliptiek uit wysheid groei, vestig aandag op die verskynsel van apokaliptiese literatuur.

Käsemann en Pannenberg lui nie ‘n beweging in nie. Hulle is eerder deel daarvan (Oswalt 1999:370). Moderne belangstelling in apokaliptiek het eerder met die aard van gebeure in die moderne tyd te doen, sê Russell (1971:5). Die moderne mens sien soms nie kans om met die lewe aan te gaan asof alles normaal is nie. Gebeure is te abnormaal daarvoor. Dié mense formuleer ‘n nuwe geskiedenis-filosofie wat die gebeure inkorporeer en transendeer.

Buiten vir Russell se sosiologiese verduideliking vir moderne belangstelling in apokaliptiek, bied Collins (1984b:1, 12-13) ‘n intellektuele rede. Wellhausen se siening van Israel se geskiedenis het vir die eerste helfte van die twintigste eeu teologiese denke oorheers. Sy siening ontneem apokaliptiek enige waarde. Hy beskou dit as ‘n ontkenning van die “ware” Ou Testamentiese geloof. Collins meen die verskuiwing in teologies-historiese denke het dit moontlik gemaak dat apokaliptiek nuut geëvalueer kan word.

Navorsers meen dat apokaliptisisme teen die agtergrond van vervreemding ontstaan, soos soms in krisistye die geval is. Vervreemding en krisisse mag talle gestaltes aanneem. Daniël ontstaan in ‘n situasie van Joodse vervolging as die Siriese koning besluit Jode moet helleniseer. Die *Boek van die Wagters* beskryf ‘n situasie van kultuurskok. Die *Gelykenisse van Henog* beskryf ‘n situasie van sosiale magteloosheid. *2 Barug* en *3 Barug* beskryf die reoriëntasie wat nasionale trauma van Jode vereis. En *4 Esra* bied bemoediging aan vir die lot van menslikheid (Stone 1992:613).

Wat deurgaans dieselfde bly, is die wyse waarop krisis en vervreemding aangespreek word in apokalipse. In elke geval lei die apokaliptiese openbaring die aandag af van die huidige met sy krisis na ‘n nuwe toekoms. Die nuwe toekoms word in terme van ‘n hemelse wêreld en die eskatologiese openbaring daarvan aan mense beskryf.

Deur die aandag af te lei, ontvlug die apokaliptikus nie aan die werklikheid nie. ‘n Betekenisvolle raamwerk word eerder verskaf waarbinne die mens besluite kan neem en optree.

Soos apokaliptisisme nie met ‘n enkele sosiale beweging verbind kan word nie, kan dit ook nie met ‘n enkele teologiese stroming geïdentifiseer word nie. Onderskeie apokaliptiese geskrifte deel ‘n beskouing van hoe die wêreld werk, oor kosmiese dualisme en ‘n oordeel aan die einde. Binne dié raamwerk bestaan diversiteit van teologiese tradisies.

## 2. VERSOENING EN APOKALIPTIESE LITERATUUR

Die vraag is: “Wat leer apokaliptisisme oor versoening?” ‘n Enkele antwoord kan nie gegee word nie. Elke apokaliptiese geskrif en tradisie sal op sy eie ondersoek moet word. Terselfdertyd moet onthou word dat die sosiale agtergrond van die betrokke apokaliptiese geskrif in baie

gevalle nie aan die navorser bekend is nie, en dit bemoeilik die formulering van die antwoord. Dit is nie moontlik om te beskryf in watter omstandighede sekere narratiewe en voorskrifte in apokaliptiese literatuur gegee word nie.

Wat beteken 'versoening'? Die woord word hier in sy Latynse betekenis benut: 'reconciliare' beteken "om saam te bring' en 'te verenig' deur 'mekaar te roep'.

### 2.1 Versoening in die Henogtradisie se apokaliptiese literatuur

Henog was die seun van Jared, gebore toe Jared 162 jaar oud was (Gen 5:18). Op 65 het Henog die pa van Metusalag geword (Gen 5:21). Henog het 365 jaar geleef, naby God geleef (met God gewandel; vgl ook Noag, Gen 6:9) en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem (Gen 5:22-24). Henog het in 'n unieke verhouding met God gestaan sodat hy die eerste Bybelse karakter word wat die dood vryspring (sommige vind in וַיִּתְהַלֵּךְ חֲנוֹךְ אֶת־הָאֱלֹהִים eerder 'n verwysing na Henog se assosiasie met engele). Sy lewe was uitermate kort in vergelyking met die res van die Set-geslagsregister, en bevat moontlike assosiasies met die sonkalender.

Die Nuwe Testament teken Henog as 'n individu wat God behaag het sodat hy nie doodgaan nie (Heb 11:5-6). Die profesie in Judas 14-15 is 'n aanhaling uit *1 Henog* 1:9.

Henog is 'n versameling van tradisies en geskrifte wat tussen die vierde eeu vC. en die draai van die eeue neergeskryf is in die naam van Henog. Die versameling is slegs in die ou Etiopiese vertaling oorgelewer, gebaseer op 'n Griekse vertaling van die Aramese oorspronklike, wat bevestig word deur manuskrip-fragmente wat by Qumran gevind is. Die boek gee voor om openbarings te wees wat Henog ontvang en oorgelewer het aan sy seun Metusalag. Dit is gerig op regverdiges wat in die eindtye sou leef, en bevat 'n beskrywing van die aard en struktuur van die geskape heelal asook die oorsprong, aard en gevolge van die finale oordeel oor die bose en sonde. Henog is siener, wysgeer, skrifgeleerde, priester en eskatologiese regter.

Die oorheersende veronderstelling van die openbarings is dat individue verantwoordelik gehou word vir eie gedrag. Dit plaas die verantwoordelikheid van versoening in die kollig: elke menslike wese

sal voor die regter staan om verantwoording te doen vir hoe hy/sy met ander mense, asook met God saamgeleef het.

Etiese optrede is ook in die profetiese literatuur beklemtoon, maar die motivering daarvoor verskil in die Henogboek. Die mens het die plig om versoening na te streef omdat die orde van die mens se lewe bepaal is, en hy/sy toerekeningsvatbaar is vir eie gedrag. Dit maak ook etiese optrede dringend omdat elke daad onder die soeklig van die laaste oordeel gehou gaan word.

Die tweede oudste deel, die *Boek van die Wagters* (1-36), uit die middel van die derde eeu vC, beskryf Henog as ‘n regverdige mens wat hemelse visioene sien wat deur engele verklaar word en oorgelewer moet word as ‘n ‘seën’ vir ‘die regverdige verkorenes’ wat in die tyd van die eskatologiese oordeel leef, wat na die ontstaanstyd van die geskrif verwys. Mense bestaan uit twee groepe, regverdiges en sondaars. Die onderskeiding tussen die twee groepe is gebaseer op die implementering van die Mosaïese *tora* in die daaglikse lewe. Op dié manier word Mosaïese vereistes vir versoening binne die raamwerk van die apokaliptiese groepering ingetrek. Die implikasie is dat die *tora* die wyse bepaal waarop mense met God en ander mense moet saamleef en hoe hulle versoening moet bewerkstellig in situasies waar verskille ‘n wig tussen hulle dryf.

Die *Mite van die Waters se Opstand* (6-11) verwerk Genesis 6-9. Die Bybelse ‘seuns van God’ is engele onder leiding van Semjâzâ, die ‘heilige wagters’ wat deur gemeenskap met menslike vroue ‘n geslag van boosaardige reuse opwek wie se geweld die aarde verlate laat. Die wagters se opstand lei tot God se straf, die sondvloed. Genesis 9 se beskrywing van ná-vloed herstel word herskryf as eskatologiese herskepping. Op dié manier word die huidige beskawing gekritiseer deur dit as die gevolg van ‘n hemelse opstand te rekonstrueer wat slegs deur goddelike ingrype en oordeel herstel kan word. Menslike viktimisasie deur demoniese magte is ‘n essensiële element van die apokaliptiese wêreldbeeld.

Die *Brief van Henog* (92-105) uit die vroeë tweede eeu vC. handel oor teodisee waar gelowiges lyding beleef sonder hoop op uitkoms. Die oplossing van die geskrif is die finale oordeel waar nuwe lewe aan die regverdiges gegee word terwyl sondaars gestraf word vir

‘n lewe wat op aarde skynbaar met die goeie beloon is. Slegs in ‘n verwagting dat regverdigheid uiteindelik in die *eschaton* sal seëvier is dit moontlik om teodisee bevredigend op te los.

Die Boek van Gelykenisse (37-71) beskryf die laaste oordeel in besonderhede. Die ‘Verkose Een’ veroordeel twee groepe, die ‘konings en magtiges’ wat die regverdiges vervolg het en die engele se leier Azazel en sy magte wat die sleutels van ongeregtigheid aan mense openbaar het. God beloon regverdiges en straf sondaars. Heil word beperk tot diegene wat die *Tora* in dieselfde terme as die skrywer interpreteer. In dié interpretasie is die gebruik van die korrekte kalender belangrik omdat dit die sleutel is waarvolgens die skrywer die historiese en kosmiese werklikheid, op dualistiese wyse, verstaan. Die sigbare wêreld is hiervolgens slegs ‘n refleksie van wat in die verborge wêreld van komplekse realiteite plaasvind, en wat slegs geken kan word as ‘n bonatuurlike engelwese dit openbaar. Die beweging van hemelse liggewende magte bepaal wat op aarde gebeur. Mense moet die korrekte kalender gebruik om te verstaan wat openbaar word aan apokaliptici.

Heelwat ruimte word afgestaan aan mites wat die oorsprong van boosheid herlei na ‘n opstand in die verborge engelewêreld. ‘n Moontlike verwysing hierna kan in Esegiël 28:12-19 voorkom.

Die inhoud van die *Tora* word verbreed deur die openbaring van die verborge wêreld wat die ware betekenis daarvan spesifiseer. Die regspraak, ‘n inherente deel van versoening, word beklemtoon.

Die *Apokalips van Weke* suggereer dat die Henogouteur(s) en aanhangers in ‘n georganiseerde gemeenskap woon en die ‘uitverkore regverdiges’ vorm.

## 2.2 Versoening in die Daniël-apokalips

Wye konsensus bestaan dat die verhale in Daniël 2-6 pre-Makkabees in oorsprong is en deur die versamelaar in sy Makkabese boek benut word as inleiding vir die visioene, met die doel om gelowiges aan te moedig om lojaal aan JHWH te bly te midde van die Antiochiese vervolgings. Die verhale kan as legendes gekategoriseer word, wat met die wonderlike te doen het en gerig is op opbouing (Collins 1984a:42; 1985:134). In die verhale werk Daniël en sy vriende met goedaardige

heidense konings mee en beleef voorspoed vanweë hulle lojaliteit aan JHWH.

Daniël 7-12 is die enigste volledig uitgewerkte apokalips in die Hebreeuse Bybel. Heidense magte word voorgestel as diere uit die see, God se vyande waarmee geen samewerking moontlik is nie, in teenstelling met die verhale. Bose magte word nou aan spesifieke nasies en konings verbind, soos in die profetiese literatuur. Geen oorheersende bose mag word aangetref nie, soos in die sketsing van Mastema in *Jubilees*, die boek wat in dieselfde tyd ontstaan, of van Belial in die effe later Qumranrolle.

Die skrywer se antwoord op die teodiseevraagstuk is ook die opstanding van 'baie' van dié wat ontslaap het, party tot die ewige lewe en party tot ewige skande en veragting (Dan 12:2). Hier kom die enigste duidelike verwysing na beloning ná die dood in die Hebreeuse Bybel voor (LaCocque 1988:162).

In etiese gedrag is getrouheid aan die *Tora* vir Daniël essensieel. Getrouheid vereis dissipline en 'n gewilligheid om persoonlike behoeftes en ambisies te onderwerp en selfs die dood uit te daag ten einde gehoorsaam aan God te bly soos wat Hy deur Moses bepaal het. Klem val op reinheidswette en die afkeur om voor afgode te buig in die krisis wat Antiochus se verbiedinge veroorsaak het.

God gee aan die helde van die boek wysheid wat hulle in staat stel om op die korrekte wyse op te tree. Die grootste deel van die Hebreeuse wysheidstradisie is empiries en induktief terwyl Daniël se wysheid die gevolg van openbaring is, soos ook sy vermoë om drome en visioene te interpreteer (LaCocque 1988:5). Hy ontmoet 'n engel wat openbaring bemiddel (Newsom 1992:251).

In die verhale word die geloofshelde uit die hande van hulle vyande gered terwyl die visioene verduidelik dat gelowiges vervolg en selfs doodgemaak word. Die funksie van geloof in die opstanding is om regverdiges vry te maak van hulle vrees vir die dood. Die aspirasie van ewige lewe saam met sterre of engele verander piëteit en gee aan dit 'n anderwêreldse karakter. Geloof in die laaste oordeel en ná-lewe dien ook as motivering vir korrekte gedrag op aarde. Dit is belangrik om met God en mense versoen te leef waar die verwagting van lewe na die dood funksioneer.

## 2.3 Versoening in die tradisies van 2 Barug en 4 Esra

Ongeveer ‘n halfeeu ná die vernietiging van die tempel in 70 nC. gebruik ‘n Jood ou tradisies om die ramp te herinterpreteer in terme van Jode se ongehoorsaamheid aan die *Tora*. Die dokument is slegs gedeeltelik bewaar in manuskripte wat uit die sesde eeu en later dateer. Die oorspronklike *2 Barug*-geskrif het sewe gedeeltes gehad. Die skrywer meen Israel se vyande kom Jerusalem binne slegs nadat alle heilige voorwerpe verwyder is en die engele die mure vernietig het. Rome het niks om oor te spog nie. Boosheid kan ook nie aan gevalle of bose engele (demone) toegeskryf word nie maar aan die mens se vrye wil: “Adam is daarom nie die oorsaak nie, behalwe in terme van homself, maar elkeen van ons het ons eie Adam geword”. Die einde is naby: “Want die jeug van hierdie wêreld het verbygegaan, die mag van die skepping is reeds uitgeput en die koms van die tye is baie naby en het reeds verbygegaan. Die houer is naby die put, die skip in die hawe, die reis na die stad en lewe aan sy einde”.

Die *Apokalips van Esra*, of *4 Esra*, of die tweede boek van Esdras is ‘n Joodse apokalips wat uit dieselfde periode dateer, in die geslag ná die vernietiging van die tempel. Die Semitiese oorspronklike het verlore gegaan. Christene het dit oorgelewer omdat dit in hulle kringe gelees is. Die boek bestaan ook uit sewe dele, of visioene. Die siener betwyfel goddelike regering van die wêreld in die lig van die situasie waarin gelowiges hulle bevind en sy eie ervarings. Aan die einde aanvaar hy die engel se gesigspunt nadat die engel aan hom verduidelik dat die bose koninkryk uiteindelik geoordeel en vernietig sal word (in die vyfde visioen).

Navorsers is onkundig oor die sosiale konteks of funksies van hierdie apokalipse alhoewel dit duidelik is dat dit in een of ander sosiale groep, ‘die wyse tussen jou mense’, ontstaan het. Vir dié rede is dit moeilik om dit histories te plaas.

# 3 SINTESE

Apokaliptiese skrywers bespreek nie die onderwerp van versoening as sulks nie omdat dit nie binne hulle belangstellingsveld val nie. Wat wel daaroor gesê word, geskied teen die agtergrond van die verskillende geskrifte.

Versoening met God word beskou as iets wat aan die ‘uitverkore regverdiges’, die *maskilim* of *hasidim* gewaarborg is. Dit dui die groep aan wat tot die spesifieke apokaliptiese sirkel behoort. Waar Israel (of Jode, as aanduiding van ná-ballingskapse Juda) die ontvanger van God se heil was, word heil in apokaliptiese geskrifte verbind aan deelnemers aan die apokaliptiese groep. In die woorde van Daniël 12:1-3: “In daardie tyd sal Migael, die groot engel wat oor die lede van jou volk waghou, op die toneel verskyn. Dit sal ’n swaar tyd wees, so swaar soos dit nog nooit was vandat daar nasies is nie. In daardie tyd sal almal uit jou volk wat in die boek opgeskryf is, gered word. Baie van dié wat ontslaap het, sal uit die graf opstaan, party tot die ewige lewe en party tot ewige skande en veragting. Die verstandige leiers sal skitter met die glans van die hemel self, en dié wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos die sterre”.

Versoening tussen mense en groepe word in apokaliptiese geskrifte binne die breër verband van die vereistes van die Mosaïese Tora bespreek.

## Literatuurverwysings


Collins, J J 1984a. *Daniel with an introduction to apocalyptic literature*. The Forms of the Old Testament Literature. Volume XX. Grand Rapids: William B Eerdmans.

-, 1984b. *The apocalyptic imagination: An introduction to the Jewish matrix of Christianity.* New York: Crossroads.

-, 1985. Daniel and his social world. *Interpretation* 39, 131-143.

-, 1992. Dead Sea Scrolls, in Freedman, D N (ed). *The Anchor Bible Dictionary* (2), 85-101.

Davies, P R 1985. *Daniel*. Old Testament Guides. Sheffield: JSOT Press.

Dressler, H H P 1979. The identification of the Ugaritic *Dnil* with the Daniel of Ezechiel. *Vetus Testamentum*(29), 152-161.

Fiorenza, E S 1983. The phenomenon of early Christian apocalyptic, in Hellholm, D (ed). *Apocalypticism in the Mediterranean world and the Near East.* Proceedings of the International Colloquium on Apocalypticism Uppsala, August 12-17, 1979. Tübingen: J C B Mohr (Paul Siebeck), 295-316.

Frost, S B 1952. *Old Testament apocalyptic: Its origins and growth.* London: Epworth.

Grabbe, L L 1989. The social setting of early Jewish apocalypticism. *Journal for the Study of Pseudepigrapha*( 4), 27-47.

Hanson, P D 1992. Apocalypses and apocalypticism, in: Freedman, D N (ed). *The Anchor Bible Dictionary* (1), 279-281.

Hellholm, D 1986. The problem of apocalyptic genre and the Apocalypse of John. *Semeia* (36), 1-32.

Hilton, M 1995. Babel reversed - Daniel chapter 5. *Journal for the study of the Old Testament* (66), 99-112.

Hossfeld, F-L 1998³. Das Buch Ezechiel, in: Zenger, E (hrsg). *Einleitung in das Alte Testament*. Stuttgart: Kohlhammer.

Koch, K 1972. *The rediscovery of apocalypse*. Studies in biblical theology. Second series, 22. London: SCM.

LaCocque, A 1988. *Daniel and his time*. Columbia: South Carolina Press.

Le Roux, J H 1981. The "last days" in apocalyptic. *Neotestamentica 12,* Essays on Jewish and Christian apocalyptic, 41-74.

-, 1988. Eschatology and the prophets (A survey of the research). *Old Testament Essays* 1(1), 1-26.

Martínez, F G 1987. Encore l'Apocalyptique. *Journal of Scientific Studies* 17, 230.

Miles, J 2001. *Christ. A crisis in the life of God*. London: Arrow.

Nel, M & Human, D J 2002. Die Daniëlboek se twee Sitze im Leben, *Hervormde Teologiese Studies* 58(4), 1729-1746.

Nel, M & Human, D J 2003. Zoroastranisme en die ontstaan van apokaliptiese denke, *Hervormde Teologiese Studies* 59(4), 1425-1442.

Newsom, C A 1992. Angels (Old Testament), in: Freedman, D N (ed). *The Anchor Bible Dictionary,* Vol 1, 248-253.

Oswalt, J N 1999. Recent studies in Old Testament apocalyptic, in Baker, D W & Arnold, B T (eds). *The face of Old Testament studies.* A survey of contemporary approaches. Grand Rapids, Michigan: Baker Books, 369-390.

Plöger, O 1968. *Theocracy and eschatology.* Translated by S Rudman. Oxford: Basil Blackwell.

Rowland, C 1982. *The open heaven: A study of apocalyptic in Judaism and early Christianity*. New York: Crossroad.

Russell, D S 1971. *The method and message of Jewish apocalyptic.* London: SCM.

Stone, M E 1993. Esdras, Second Book of, in: Freedman, D N (ed). *The Anchor Bible Dictionary,* Vol 2, 611-614.

Von Rad, G 1965. *Old Testament Theology*. Volume Two. Translated by D M G Stalker. The theology of Israel's prophetic tradition. London: SCM.

Vorster, W S 1986. Tekste met 'n apokaliptiese perspektief, in Deist, F & Vorster, W (red), *Woorde wat ver kom.* Die literatuur van die Ou Testament. Deel 1. Kaapstad: Tafelberg, 158-176.